mandalas

Hallo graad 6'e!

Ek hoop dat dit goed gaan met elkeen van julle.

In die vorige les het ons gesels oor straalvormige patrone.

Nog ‘n pragtige voorbeeld waar ons straalvormigheid kan sien is in ‘n mandala.

Kan jy die straalvormige patroon sien?





Mense maak mandalas op baie verskillende maniere.
Party teken en verf dit of gebruik lap en gare om te borduur,
ander maak mosaïekkuns.

Lees die inligting op die volgende skyfie deur.
Dit is die inligting op p.91 in jou handboek.

Eenheid 24 'n Reliëfmandala/ straalvormige patroon

Balans in 'n straalvormige patroon

Boeddhistiese monnike in die land, Tibet, maak mandalas terwyl hulle mediteer. Die woord "*mandala*" beteken sirkel in Sanskrit, wat 'n Indiese taal is. Mandalas is heilige sirkels wat simbolies is van die ewigheid en die geheel. Die patrone in die sirkels versprei vanuit 'n sentrale punt. Nadat hulle 'n mandala voltooi het, vier hulle dit en deel die werk met ander. Dan verwoes hulle dit! Die mandala is 'n simbool vir die lewe. Die lewe is kortstondig en verganklik.

Ons vind straalvormige ontwerpe in die natuur, byvoorbeeld in 'n lemoen wat middeldeur gesny word of in die iris van 'n oog. Die Spaanse argitek, Gaudi, het straalvormige patrone van mosaïekteëls gemaak om die mure van die geboue wat hy in Barcelona ontwerp het mee te versier. Sommige van die mosaïeke is gemaak van gebreekte keramiekvoorwerpe soos bakkies, koppies en borde. Op hierdie manier herwin hy goed wat mense weggooi.

Hier is van Gaudi se pragtige kuns in Barcelona, Spanje.



Raak kreatief met mandalas

Kyk na hierdie oulike idees oor mandalas. Gebruik dit as inspirasie en skep jou eie kunswerk indien jy toegang het tot die nodige materiale.

HIERDIE IS NIE VERPLIGTEND NIE – DIT IS SOMMER NET VIR DIE LEKKERTE INDIEN JY ‘N TAKIE SOEK OM TE DOEN IN JOU VRYE TYD.

ONTHOU!

Jy het nie gekoopte materiale nodig om kuns te doen nie. Jy kan mooi projekte aanpak met ou papier, toiletrolle, koerantpapier en eintlik enigiets waaraan jy kan dink!

Ek sien uit om te hoor wat julle alles uitgedink het!

AL WAT JY BENODIG IS JOU VERBEELDING!





©2020